

Lekkerbekkie Nuusbrief

28 JANUARIE 2015 | UITGAWE 85



Inhoud:

- * Kinderstorie: Blikkies en die haai (deur Corlie Putter)
- * Produk van die week: Nuwe leeskaarte!
- * Inkleurprentjie: Blikkies en haai

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Blikkies en die haai deur Corlie Putter

Blikkies is 'n klein blik-robotjie, en hy wil baie graag in die see swem soos die mense. Op 'n dag besluit hy om 'n treinkaartjie te koop en met die trein tot by die see te ry!

Die see is groot en blou, en Blikkies kan nie ophou kyk nie! Dis so mooi! Die see is groot en dit raas, maar Blikkies duik dapper in die water in en begin swem.

“Dit is nat en koud!” lag hy met 'n blikkerige stemmetjie. Na 'n rukkie swem hy só lekker dat hy nie agterkom hoe diep die water raak nie, en voor hy kan keer, sink sy swaar robot-lyfie tot op die bodem van die see! Moedeloos sit hy nou daar. Hy kan nie weer boontoe nie! Wat gaan hy maak? “Hallo!” roep hy. “Kan iemand my dalk help?”

Net toe val daar 'n donker skaduwee oor Blikkies. Hy skrik hom boeglam! Dis 'n haai met groot skerp tande wat al hoe nader kom! “Moenie my eet nie!” roep Blikkies bang. “Ek is 'n robot, en ek proe net na yster en skroewe! Ek smaak glad nie lekker nie!”

Die haai swem in stadige sirkels al om Blikkies. Bang knyp Blikkies sy robot-ogies styf toe. Maar dan sê die haai: “Ek sal jou terug strand toe vat.”

Blikkies skud sy kop. Hy is nie lus om 'n haai-happie te word nie! Maar die haai begin skielik huil. “Nou gaan ek nooit ooit sjokolade-roomys proe nie!” snik die haai. “Almal skree en swem altyd weg as ek naby kom. Al wat ek wil vra is dit dat iemand vir my sjokolade-roomys sal koop. Ek wil so graag proe hoe dit smaak!” Die arme haai huil nou kliphard dat jy net tande sien.

“Goed dan,” troos Blikkies, “as jy my strand toe vat sal ek vir jou 'n roomys gaan koop.” Die haai hou op snik en glimlag breed. Blikkies kyk bangerig na sy skerp tande.

“Klim in my mond!” sê die haai opgewonde. Maar Blikkies dink dis veiliger as hy eerder aan die haai se rugvin vashou... Die haai help vir Blikkies op sy rug en hulle swem al die pad terug tot by die strand.

Nadat Blikkies vir die haai dankie gesê het, stap hy na die kafee en koop die grootste sjokolade-roomys wat hy kan kry. Terwyl die haai aan die roomys smul kyk Blikkies verbaas om hom rond. Skielik is dit net hy en die haai op die strand!

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Nog nuwe LEESKAARTE met stories verskyn hierdie week!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Anna Emm se LEESKAARTE bevat 5 lekkerlees stories per pak, en is beskikbaar in Afrikaans of Engels @ slegs R65 per pak. Hierdie week verskyn twee nuwe pakke LEESKAARTE, nl. “Seerowers” (“Pirates”) en “Kriewelrige Insekte” (Creepy-crawly Bugs”!

Koop beide hierdie pakke LEESKAARTE met vyf stories elk hierdie week vir R120 by enige AnnaEmm agent! Of bestel teen die gewone prys direk by ons. **SPEZIALE PRYSE SLEGS BY AGENTE BESIKBAAR.** Kontak 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za vir 'n AnnaEmm agent in jou area! Aanbod geldig tot 2 Februarie 2015.



In die “Seerowers” pak:

1. Die domste seerower ooit
2. Die rowwe Seerower Gans
3. 'n Seerower-verjaardag
4. Die bangerige seerower
5. Seerower Alfons se kat

Ook in Engels!

In die “Kriewelrige Insekte” pak:

1. Woord-wespes woon in boeke
2. 'n Plaag sonvreters
3. Daar's 'n kielie-luis in my skoen
4. Klipvlooië weet alles
5. Die suikerbesie

Splinternuwe Storiekaarte!

Tien nuwe stories met illustrasies vir voorlees óf self lees.



Spesiale aanbod: Koop altwee pakke storiekaarte @ slegs R120!

Gewone prys R65 elk - spaar R10 | Aanbod geldig tot Maandag 2 Februarie


Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Blikkies en die haai

illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstories-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za